kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Soek, klop, vra?”

Skriflesing: Lukas 11:1-13

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Refrein
Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Broodjies vir die pad

“What is there within the Bible?"

"It is a dangerous question. We might do better not to come too near this burning bush. For we are sure to betray what is—behind us! The Bible gives to every man and every era such answers to your questions as they deserve. We shall always find in it as much as we seek and no more: high and divine content if it is high and divine content that we seek; transitory and "historical" content, if transitory and "historical" content that we seek. Nothing whatever, if it is nothing whatever that we seek. The hungry are satisfied by it, and to the satisfied it is surfeiting before they have opened it. The question, "What is in the Bible?" has a mortifying way of converting itself into the opposing question, "Well, what are you looking for, and who are you, pray, who make bold to look?”

— Karl Barth

◆◆◆

Footnote to All Prayers

He whom I bow to only knows to whom I bow
When I attempt the ineffable Name, murmuring Thou,
And dream of Pheidian fancies and embrace in heart
Symbols (I know) which cannot be the thing Thou art.
Thus always, taken at their word, all prayers blaspheme
Worshiping with frail images a folk-lore dream,
And all men in their praying, self-deceived, address
The coinage of their own unquiet thoughts, unless
Thou in magnetic mercy to Thyself divert
Our arrows, aimed unskillfully, beyond desert;
And all men are idolaters, crying unheard
To a deaf idol, if Thou take them at their word.
Take not, O Lord, our literal sense. Lord, in thy great
Unbroken speech our limping metaphor translate.

C.S. Lewis

◆◆◆

Lord, grant that I might not so much seek to be loved as to love. (Francis of Assisi)

I am aware that a philosopher's ideas are not subject to the judgment of ordinary persons, because it is his endeavour to seek the truth in all things, to the extent permitted to human reason by God. (Nicolaus Copernicus)

We have what we seek, it is there all the time, and if we give it time, it will make itself known to us. (Thomas Merton)

Consciously or not, we are all on a quest for answers, trying to learn the lessons of life. We grapple with fear and guilt. We search for meaning, love, and power. We try to understand fear, loss, and time. We seek to discover who we are and how we can become truly happy. (Elisabeth Kubler-Ross)

I have a dogmatic certainty: God is in every person's life. God is in everyone's life. Even if the life of a person has been a disaster, even if it is destroyed by vices, drugs or anything else - God is in this person's life. You can - you must - try to seek God in every human life. (Pope Francis)

◆◆◆

Ons word doof vir verlange na eenvoud, stilte

Wilhelm Jordaan

Was vir ’n week op ’n plaas in die middel van die Karoo in die kontrei van Middelburg, Nieu-Bethesda en Graaff-Reinet. En het opnuut aan eie lyf Athol Fugard se “trilogie” van drie woorde oor die Karoo beleef. Ruimte. Tyd. Stilte.

Saam daarmee kom die bewussyn van ’n spirituele landskap waarin die altyd veranderende lig, veldgeure, berge, klippe, bossies, blommetjies, goggas, beeste, skape, wildsbokke, die helder sterrebeelde bo jou en jou eie voetstappe op ’n gruispad in die nag tot ’n byna heilige harmonie saamgevoeg word.

En jy sien dié harmonie in die manier waarop ’n trop springbokke pronk, opeens voortsnel en triomfantlik hoog die lug in spring – een oomblik deel van die aarde en in ’n volgende oomblik “drink hulle die wind” daar bo met diep teue; in ’n ewewig van hemel en aarde.

Kyk jy na die klippe wat jy met ’n kierie omdop en na die gesteentes roerloos gekoester in die winterson, verstaan jy iets van die eeue-oue herkoms van die ryk lewensverskeidenheid waaruit die mens gekom het.

Om daarmee te sê klippe en mense is van oudsher verweef. Soos Wilma Stockenström dit sê in "Die klip": "My klip, my klip, sê my in jou stomheid / wat jy bewaar. Sê my . . . "

Klippe, skryf sy, is "vol splinterheerlikheid" en word goed versorg daar waar hulle "wawydwakker en weerloos" lê: "Die bloukopkoggelmander / waak oor jou! Die bossies verwarm jou! / Die sand skuif 'n laken oor jou! /Die slak versier jou met silwer kettings / en die spinnekop verpleeg jou! / Ek sal weer kom."

Om ons daaraan te herinner dat alles van die aarde, ons en die kosmos verband hou met mekaar en met die misterie van 'n Groot Geheel. Soos Olive Schreiner geskryf het in haar Karoo-roman The Story of an African Farm: "Nothing is despicable – all is meaningful; nothing is small – all is part of a whole."

Het ek my ook verbeel dat ek in die stiltes die "diep gebrom" hoor wat deur wetenskaplikes verbind word aan 'n oerknal, 15 miljard jaar gelede? Glo "afgeluister" met 'n apparaat wat die oerknal se steeds nawerkende uitstraling registreer. Ek wil-wil dié "gebrom" God noem – dalk 'n instemmende skeppingsug waarmee die kosmos en die moontlikheid van 'n latere mensheid in aansyn geroep is. Of miskien was dit maar net die sonbesiekoor.

Vir stadsmense kom stiltebewussyn nie maklik nie. Want die geraasmakers is in veelvoud: Bulderende radio en TV, rock, rap, reggae, supersoniese vliegtuie, sidderende stampbore, die skril venyn van hoekslypers en grassnyers, dreunende swaar masjinerie, woedende bande op teer, angstige sirenes. 'n Raserny.

Sulke gerase kom van buite, maar die nog erger soort kom van binne – 'n innerlike geraas van die gees wat gevoed word deur versnellende lewenspoed en 'n diep verskuilde onvergenoegdheid oor lewensbetekenis. Juis dít maak ons doof vir die verlange na eenvoud en stilte.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-ons-word-doof-vir-verlange-na-eenvoud-stilte-20160720#

◆◆◆

"Laughter is the closest thing to the grace of God." (Karl Barth)

Theology is not a private subject for theologians only. Nor is it a private subject for professors. Fortunately, there have always been pastors who have understood more about theology than most professors. Nor is theology a private subject of study for pastors. Fortunately, there have repeatedly been congregation members, and often whole congregations, who have pursued theology energetically while their pastors were theological infants or barbarians. Theology is a matter for the Church." (Karl Barth)

Thus in this oneness Jesus Christ is the Mediator, the Reconciler, between God and man. Thus He comes forward to MAN on behalf of GOD calling for and awakening faith, love and hope, and to GOD on behalf of MAN, representing man, making satisfaction and interceding. Thus He attests and guarantees to God's free GRACE and at the same time attests and guarantees to God man's free GRATITUDE." (Karl Barth, The Humanity of God)

"God has not the slightest need for our proofs." (Karl Barth, Dogmatics in Outline)

Brood vir die pad

Skaamteloos net altyd die volle waarheid?

Dirkie Smit

Dis moontlik om die waarheid sinies te praat – in agteraf gefluister en geskinder, maar ook in onderlinge gesprekke oor ander, geskille met mekaar, openbare verhoudinge, die politiek, media, berigte, stories.

Dis moontlik om die waarheid skaamteloos te praat, sonder enige respek vir ander en hul gevoelens, maar ook vir onsself en wat dié soort gepraat eintlik van onsself verraai. Dis trouens presies wat sinisme oorspronklik – in antieke tye – beteken het en wou doen. Skaamteloos alles sigbaar, openlik, bloot, bekend maak, ongeag.

Die klassieke voorbeeld van só 'n sinikus was Diogenes van Sinope, wat volgens oorlewering in 'n wynvat op die strate van Athene gewoon en in die openbaar álles gedoen het wat hy moes en wou, uitgestal en oopgevlek. Sonder enige respek vir enigeen, vir sede en kultuur, gebruik en gewoonte, skaamteloos soos 'n hond. Sonder enige verhul of verberg, sonder skroom of skaam – sinies.

Dalk is dít waar die term "sinikus" vandaan kom, soos honde, alles in die openbare oog.

Dis ook so dat die Franse denker Michel Foucault in sy laaste lesings sou pleit vir "vrymoedigheid", die klassieke deug, ook in die Nuwe Testament hoog geag, die moed om nie terug te skrik en stil te bly nie, maar vryuit te getuig, die waarheid te praat en te dóén. Trouens, hy beskryf dié strewe juis as sinisme, hy prys die siniese waarheid, wat niks verhul of verberg nie, maar moedig, sonder respek of selfrespek, blootlê en benoem, wys, uitstal, openbaar.

Nou is waarheid wel van allergrootste belang, is deursigtigheid en openbaarmaking broodnodig, ook vir ons openbare lewe. Demokrasie leef daarvan, reg berus daarop, ons omgang met mekaar benodig dit. Onreg moet benoem, korrupsie openbaar, oneerlikheid bekend word.

En tog, is sulke siniese waarheid wel altyd waarheid, en die volle waarheid? Word iets nie dalk in die proses bedreig en gaan verlore nie? Is daar g'n grense aan onbarmhartige blootlê en uitbasuin van álles nie? Is dié indring (wat ons dikwels sien) in lydendes se allerdiepste gevoelens werklik nodig? Het ons as publiek waarlik reg daarop? Vertel dié aan die groot klok hang van ander se misstappe regtig die vólle verhaal? Is daar nie iewers iets heiligs om beskerm te word teen die alleroog nie?

Immers, dis tog die oordeel self as wat agter geslote deure gefluister is van die dakke verkondig word (Luk. 12:2-3) – wie sien daarvoor kans? Om dié rede vermaan Efesiërs tog dat ons die waarheid in liefde sal praat (4:15).

http://www.netwerk24.com/Stemme/Kommentaar/kommentaar-skaamteloos-net-altyd-die-volle-waarheid-20160716

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877